Die Standardbred is komstig van die Volbloedhings Messenger.

Die invloed van die Volbloed

deur **Izak Hofmeyr**

Die Volbloed is vir spoed oor middelafstande geselekteer. Geen ander perderas kan die Volbloed oor tipiese resiesafstande klop nie, of dit nou met of sonder hindernisse is. Wat hierdie ras egter so merkwaardig maak, is die invloed wat dit op ander rasse in die wêreld gehad het. Hierdie is net 'n paar voorbeelde:

Amerikaanse Quarter Horse

Hoewel bewonderaars van die Quarter Horse glo die ras het in Amerika ontstaan lank voor die Volbloed ontwikkel het (selfs lank voor Paul Revere se geskiedkundige rit), is daar ooreenstemming dat 'n Volbloed wat in 1752 ingevoer is 'n blywende invloed op die ontwikkeling van die Quarter Horse-tipe gehad het. Die meeste van die fondasielyne kan trouens na hom toe teruggevolg word. Hierdie hings, Janus, was 'n kleinseun van die Godolphin Arabier en was bekend vir sy spoed oor afstande van ongeveer 6,5 km. Hoewel hy self dus 'n langafstandperd was, het hy baie perde geteel wat oor 'n kwartmyl presteer het.

Standardbred

Die Standardbred, of Amerikaanse drawwer, kry sy naam van die gewoonte in Amerika aan die begin van die 1800's om perde te registreer wat 'n myl teen 'n "standaardtyd" in 'n draf of pasgang kon aflê. In 1879 was hierdie standaardtyd vir drawwers 2 minute en 30 sekondes, en vir die pasgang 2 minute 25 sekondes.

Hoewel die Standardbred beïnvloed is deur die Volbloed, die Norfolk Trotter, die Berber, Morgan en ook Kanadese "pacers", is dit die skimmel Volbloed, Messenger, wat in 1788 uit Engeland na Philadelphia ingevoer is, wat

Die Amerikaanse Saalperd is vandag 'n spoggerige skouperd, en stam uit die Volbloedhings Denmark. Hier is die Saalperd Sporting Streetfighter met Petro Botha in die saal. Sporting Streetfighter is vroeër vanjaar dood na 'n lang en luisterryke loopbaan as driegangkampioen. (sien berig op bladsy 10)

algemeen beskou word as die perd wat die ras die meeste beïnvloed het. Messenger stam uit al drie die fondasie-hingste van die Volbloed, naamlik die Darley en Godolphin Arabiere sowel as die Byerley Turk.

Messenger verskyn drie keer in die stamboom van sy agterkleinseun Hambletonian 10 wat in 1849 gebore is. Ongeveer 99% van alle Standardbreds stam na hom terug. Sy seuns het die vier dominante hingslyne van die hedendaagse ras gevorm, naamlik Direct en Abbe vir die pasganglyne en die Axworthy- en Peter the Great-lyne vir die drawwers.

Die Morgan

Die Morgan is vernoem na 'n perd met die naam Justin Morgan. As vul is hy Figure gedoop, maar soos die gebruik in die laat 1700's was, is hy as volwasse perd na sy eienaar vernoem. Die hings het naam gemaak vir sy beweerde vermoë om sy teenstanders ore aan te sit in alle kompetisies, of dit nou hardloop, trek, stap of draf was. En sy nageslag het hierdie eienskappe ook geërf.

Sy teling is nie duidelik nie, hoewel Kolonel Joseph Battel, wat 'n groot stryder vir die Morgan-ras was, geglo het dat hy die seun was van 'n Volbloedhings met die naam True Briton (ook soms Beautiful Bay genoem) uit 'n merrie van Arabiese afkoms. Omdat die Volbloed van daardie tyd nog baie na aan die Arabier was, het Justin Morgan baie eienskappe van die Arabier gehad, en ook aan sy nageslag oorgedra.

Sy nageslag is gebruik in die ontwikkeling van ander rasse soos die Standardbred en ook die Amerikaanse Saalperd. Baie Quarter Horses spog ook met gene van Justin Morgan.

Amerikaanse Saalperd

Hierdie gemaklike ryperd wat gange kan loop, se oorsprong lê ook by die Volbloed. Ander invloede is die Kanadese "pacer", Amerikaanse drawwer, Morgan en Arabier. In 1901 is daar tien fondasiehingste in die stamboek gelys, maar in 1903 is hierdie lys verkort tot een enkele hings, die Volbloed Denmark. 'n Ander beroemde familie is die Chiefs, wat teruggevoer kan word tot die hings Mambrine Chief. Hy was 'n drawwer, wat op sy beurt direk teruggaan na die ingevoerde Volbloed Messenger.

Tennesee Walking Horse

Soos die Saalperd en die Morgan is die Tennesee Walking Horse ook as algemene gebruiksperd ontwikkel, spesifiek vir ry-, tuig- en plaaswerk. Die geskiedenis van die ras, wat in Tennesee ontwikkel het, gaan terug na invloede van Volbloedperde, Standardbreds, Saalperde en ook Morgans. Deur al hierdie invloede staan die Volbloed dus sentraal.

Hackney en Hackney-ponies

Die voorgeslagte van die Hackney en ook die Hackney-ponie is geteel vir ry- en tuigwerk in Engeland. Die terme "Hackney" en ook "Roadster" is gebruik om na hierdie tipe perd te verwys. Van hierdie tipe "Roadsters" of "Hackneys" was die Norfolk Trotter die bekendste en kruising met Volbloedperde het gelei tot die ontstaan van die Hackney wat die Britse Hackney-padkoetse van die agtiende eeu getrek het. Een van die belangrikste seleksiekriteria was uiters spoggerige en hoë aksie in die draf.

Warmbloedperde

Die Warmbloed is basies 'n kruis tussen 'n Europese Kouebloed en 'n Volbloed. Die Volbloed speel steeds 'n fundamentele rol in die ontwikkeling van die regte tipe perd vir die verskillende Olimpiese perdrydissiplines.

Suid-Afrikaanse rasse

Die invloed van die Volbloed op die inheemse Suid-Afrikaanse rasse moet nie geringgeskat word nie. Sedert die eerste Volbloed (toe nog English National Horses genoem, volgens dr Frans van der Merwe in sy artikel oor die ontwikkeling van die inheemse perderasse in die April-uitgawe van SA Horseman) in 1782 voet aan wal gesit het op Suid-Afrikaanse bodem, is die bestaande plaaslike perdestapel aansienlik verbeter.

Dr Van der Merwe beskryf in sy artikel dat Lichtenstein in 1803 baie positiewe kommentaar gelewer het oor die Van Rheenens se stoet by Grote Toren in die Hantam, naby waar Calvinia vandag is. Hy het daar 300 merries aangetref en 'n hele paar ingevoerde hingste.

Lord Charles Somerset, die Engelse goewerneur aan die Kaap tussen 1814 en 1827 het waarskynlik meer as enige ander individu gedoen om die perdebedryf in die land te bevorder. Hy persoonlik het vier en dertig Volbloedhingste vir perderesies en die verbetering van resiesperde in die land ingevoer. Van hierdie hingste en hulle nageslag het hul weg gevind na die binnelandse stoeterye in die Wes-, Suidwes- en Noord-Kaap, en tot so ver as Graaf-Reinet en Albany in die Oos-Kaap. Die verspreiding van perde na die res van wat ons vandag as Suid-Afrkia ken, is deeglik gedokumenteer.

'n Interessante studie wat in die middel 1990's gedoen is om te bepaal wat die verwantskap tussen die SA Boerperd, die Nooitgedachter en die Basoetoponie is, het interessante inligting opgelewer. Die studie is deur dr Enette van Dyk van die Fakulteit Veeartsenykunde op Onderstepoort onderneem, in samewerking met prof EG Cothran van die Departement Veeartsenykunde aan die Universiteit van Kentucky. **SAH**

Outeniqua Miniatures

Provides,

BREEDING • CONFORMATION

PRESENCE • COLOUR.

"ROCKY" Twin Creeks Buckeroos Rocky Rapids, (USA, AMHR Hall of FAME 2002) standing at stud and sire of yearlings and weanlings available for discerning and approved buyers!! Get and grand get of the great BOONES LITTLE BUCKEROO! Visitors welcome by appointment.

Contact Caroline Irish at 082 835 9123 044 383 0137 e-mail carly-i@mweb.co.za